

**Dinsdag 28 Mei**

**Skrifgedeelte: Josua 10 en 11**

**Fokusgedeelte: Josua 11:15  
(1933/53-vertaling)**

**Bou die geloofsoorwinnings van jou voorouers verder uit!**

Josua moes 31 Kanaänitiese konings verdelg: man, vrou en kind (Jos. 12:24)! Dit was die Kanaäniete se welverdiende loon (Jos. 11:20).

(a) Om dit te kon doen, moes die gelowige Israeliete eerstens die waarheid oor hulle eie sonde ken: Hulle was net so skuldig soos die ongelowige Kanaäniete. Die enigste verskil tussen hulle en die Kanaäniete was God se genade!

- Ook ons gelowige voorouers se geloofsoorwinnings moes begin by die kennis van hulle eie verlorenheid. En as ons hulle oorwinnings verder wil voer, moet ons ons sonde ken!

(b) Tweedens moes die gelowige Israeliete op God vertrou vir hulle verlossing uit die mag van die Kanaänitiese nasies (Jos. 1:5, 6).

- Ook ons neem vandag die stryd met die ongelowige wêreld op terwyl ons vertrou dat ons sonde ons vergewe is deur Christus se kruisoffer.
- Net soos vir die volk Israel, sê God vandag vir ons: “Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie. Wees sterk en vol moed!”

(c) Derdens moes die Israeliete, uit dankbaarheid vir die beloofde land, God daarin gaan dien (Deut. 1:8).

So het ons gelowige voorouers die helder waarheid van God se Woord teenoor die leuens van Satan bely.

- Sedert die 200's het hulle die Twaalf Artikels teenoor die leuenmag uitgespreek.
- Sedert die 300's die belydenis van Nicea.
- Sedert die 400's die belydenis van Atanasius.

Vandag bely alle gelowiges op aarde hierdie drie belydenisse! Saam met ons Gereformeerde voorouers bely ons die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561), die Heidelbergse Kategismus (1563) en die Dordtse Leerreëls (1618-1619).

Hierdie ses belydenisse verteenwoordig geweldige geloofsoorwinnings. Bestudeer hulle daarom versigtig en bou verder daarop voort! Gebruik hierdie waarhede as jou oorwinningswapen (Ef. 6:17)!

*Sing: Psalm 46-1:1*

*Ds. CJ Malan (Neels) (Bethulie)*